Die Voortrekkers

BYLAAG TOT DIE REGLEMENT

VIR

VOORTREKKERDRAG

Januarie 2008

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Volwassenes

Regterkant		***Linkerkant***
Naambalkie Die naambalkie kom in die middel van die skouer, ***100 mm*** van die skouernaat af.	***1.***	***Voortrekkerwapen*** Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouer, ***100mm*** van die skouernaat af.
Groepkenteken Die groepkenteken kom ***30mm*** van die onderkant van die naambalkie af	***2.***	***Gebiedswapen*** Die Gebiedswapen kom ***10mm*** van die onderkant van die Voortrekkerwapen af
Hoofleierswag/Presidentverkenner Hierdie kenteken kom ***30mm*** van die onderkant van die groepkenteken af.	***3.***	***Kommandonaam*** Die kommandonaam kom ***10 mm*** van die onderkant van die Gebiedswapen af.
Kursus Die kenteken van die laaste kursus wat voltooi is, kom ***30mm*** van die onderkant van die HW of PV kenteken af. Indien geen HW of PV gedra word nie, kom die Kursuskenteken ***30mm*** van die onderkant van die groepskenteken af. (slegs een kursuskenteken word gedra)	***4.***	***Medaljelint*** Die medaljelint kom ***10mm*** van die onderkant van die kommandonaam af.
ABC Toekenning Die kenteken kom ***30 mm*** van die onderkant van die kursuskenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra. Indien geen kursuskenteken gedra word nie, kom die ABCkenteken *60mm* van die onderkant van die Hoofleierswag/President-verkenner kenteken af. Indien geen kursuskenteken of Hoofleierswag/President-verkenner kenteken gedra word nie, kom die ABCkenteken *60mm* van die onderkant van die groepkenteken af.	***5.***	***Rangkentekens*** Die rangkentekens kom ***10mm*** van die onderkant van die medaljes af. **Indien nog geen medaljes toegeken is nie, kom die rangkentekens *30mm* van die onderkant van die kommandonaam af.** (vou die lint tot 10mm)
	6.	***Getroue Diensjare:*** Die kenteken kom ***10mm*** onderkant die rangkentekens. **Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk *50mm* van die onderkant van die medaljelint af.** **Indien geen rangkentekens of medaljelint gedra word nie, kom die jukskei *70mm* van die onderkant van die kommandonaam af.** 1.Na een jaar getroue diens word ‘n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met ’n groen jukskei, jaar drie met ’n blou jukskei en jaar vier met ’n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die jukskei met ‘n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepaslike kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope)
	7.	***75 Jaar Feeskampkenteken:*** Hierdie kenteken kom 10mm onderkant die kenteken vir getroue diens.

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Volwassenes

Regterkant	**Linkerkant**



Januarie 2008

Kentekens op Formele Baadjie van Volwassenes

SLEGS METAAL KENTEKENS WORD OP DIE FORMELE BAADJIE GEDRA.

Regterkant		***Linkerkant***
Naambalkie (HW en PV word hierop aangedui) Die naambalkie kom regoor die mikkie van die kraag.	1.	***Medaljes / Medaljebalkie*** Die medaljes of medaljebalkie kom regoor die mikkie van die kraag.
Rangkentekens Die rangkentekens kom teenaan mekaar, ***10mm*** van die onderkant van die naambalkie af.	2.	
Jare getroue diens: Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die rangkentekens af. 1. Na een jaar getroue diens word ‘n jukskei toegeken 2. Na vyf jaar getroue diens word die jukskei met ‘n oranje voorjuk vervang. 3. Daarna word slegs elke vyf jaar ‘n voorjuk met die toepaslike kleur toegeken.	3.	
ABC Toekenning Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die jukskei/voorjuk af en slegs die hoogste toekenning word gedra.	4.	

Die dra van die medaljes of die medaljebalkie word normaalweg aan die oordeel van die draer oorgelaat, behalwe waar dit deur die bevelvoerende persoon gespesifiseer word, asook in die volgende gevalle.

Medaljes word by seremoniële geleenthede gedra soos byvoorbeeld by:
Oorhandiging van Hoofleierswag- en Presidentverkenner toekennings.
Oorhandiging van Voorslag Penkop- en Drawwertjie toekennings.
Oorhandiging van Medaljes.
Voortrekkerbegrafnis
Voortrekkertroue

Kentekens op Formele baadjie van Volwassenes



Januarie 2008

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Verkenners

Regterkant:		***Linkerkant***
Groepkenteken Die groepkenteken kom in die middel van die skouer, ***100mm*** van die skouernaat af	***1***	***Voortrekkerwapen*** Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouer, ***100mm*** van die skouernaat af.
Voorslag Penkop en Drawwertjie (*) Indien die kenteken verwerf is, kom dit ***10mm*** van die onderkant van die groepkenteken af.	***2***	***Gebiedswapen*** Die gebiedswapen kom ***10mm*** van die onderkant van die Voortrekkerwapen af
ABC Toekenning Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die Voorslagkenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra. Indien die lid nie die Voorslag verwerf het nie, kom die ABCkenteken 60mm van die onderkant van die Groepkenteken af..	***3***	***Kommandonaam*** Die kommandonaam kom ***10mm*** van die onderkant van die gebiedswapen af.
Spesialisasie kentekens en Feesjaarkenteken: Die eerste verkenner Spesialisasiekenteken kom in die middel, ***10mm*** van die onderkant van die ABC kenteken af. Indien die lid nie die ABCkenteken dra nie, kom die eerste Spesialisasiekenteken 50mm van die onderkant van die Voorslagkenteken af. Indien die lid nie die Voorslag verwerf het nie, en ook geen ABCkenteken dra nie, kom die eerste Spesialisasiekenteken *10****0mm*** van die onderkant van die groepskenteken af. Verdere kentekens word soos hulle verwerf word, ***10mm*** uitmekaar aangebring met die tweede kenteken naaste aan die knopekant van die baadjie. Die derde kenteken word die naaste aan die synaatkant van die baadjie aangebring. Die vierde, vyfde en sesde kentekens word onderskeidelik ***10mm*** onder die eerste, tweede en derde kentekens aangebring. Die sewende kenteken word ***10mm*** onder die vierde kenteken aangebring. Verdere kentekens word volgens dieselfde patroon aangebring.	***4***	***Spankenteken*** Die Spankenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die kommandonaam af.
	5	***Rangkentekens:*** Die rangkentekens kom ***10mm*** van die onderkant van die spankenteken af.
(*) Wanneer ‘n verkenner die hoofleierswag-kenteken verwerf, word die Voorslag PD-kenteken verwyder. Die hoofleierswagkenteken kom dan in die plek daarvan. Dit is dus ***10mm*** van die onderkant van die groepkenteken af. Die Spesialisasiekentekens en die graadwiele bly. Wanneer die presidentverkennerkenteken verwerf word, vervang dit die hoofleierswagkenteken.	***6***	***Getroue Diensjare:*** Die kenteken kom ***10mm*** onderkant die rangkenteken. **Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk *50mm* van die onderkant van die spankenteken af.** 1.Na een jaar getroue diens word ‘n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met ’n groen jukskei, jaar drie met ’n blou jukskei en jaar vier met ’n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die jukskei met ‘n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepaslike kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope)
	7	***Graadwiele*** Die eerste graadwiel kom in die middel, ***10mm*** van die onderkant van die getroue diens kenteken af. Die tweede graadwiel kom langs die eerste, ***10 mm*** na die knopekant van die baadjie en die derde graadwiel kom langs die eerste graadwiel,***10 mm*** na die synaatkant van die van die baadjie. Die vierde graadwiel kom ***10mm*** onder die eerste graadwiel.

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Verkenners

Regterkant **Linkerkant**



Januarie 2008

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Penkoppe en Drawwertjies

Regterkant:		***Linkerkant***
Groepkenteken Die groepkenteken kom in die middel van die skouer, ***50 mm*** van die skouernaat af. (Of *100mm* in geval van fisies groter kind)	***1.***	***Voortrekkerwapen*** Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouer, ***50mm*** van die skouernaat af. (Of **100mm** in geval van fisies groter kind)
ABC Toekenning Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die groepkenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra.	***2.***	***Gebiedswapen*** Die gebiedswapen kom ***10mm*** van die onderkant van die Voortrekkerwapen af
Spesialisasiekentekens en Feesjaarkenteken: Die eerste Spesialisasiekenteken kom in die middel, *10mm* van die onderkant van die ABCkenteken af. Indien geen ABCkenteken gedra word nie, kom die eerste Spesialisasiekenteken ***50mm*** van die onderkant van die groepkenteken af. Verdere Spesialisasiekentekens word, soos hulle verwerf word, *10mm* uitmekaar aangebring met die tweede kenteken naaste aan die knopekant van die baadjie. Die derde kenteken word die naaste aan die synaatkant van die baadjie aangebring. Die vierde, vyfde en sesde kentekens word onderskeidelik *10mm* onder die eerste, tweede en derde kentekens aangebring. Die sewende kenteken word *10mm* onder die vierde kenteken aangebring. Verdere kentekens word volgens dieselfde patroon aangebring.	***3.***	***Kommandonaamlint*** Die kommandonaamlint kom ***10mm*** van die onderkant van die gebiedswapen af.
	4.	***Spankenteken*** Die Spankenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die kommandonaamlint af.
	5.	***Rangkentekens:*** Die rangkentekens kom ***10mm*** van die onderkant van die spankenteken af.
LW. Die Feesjaarkenteken word oorgedra na die Verkennerbaadjie.	***6.***	***Getroue Diensjare:*** Die kenteken kom ***10mm*** onderkant die rangkenteken. **Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk *50mm* van die onderkant van die spankenteken af.** 1.Na een jaar getroue diens word ‘n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met ’n groen jukskei, jaar drie met ’n blou jukskei en jaar vier met ’n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die jukskei met ‘n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepaslike kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope)
	7.	***Graadwiele*** Die eerste graadwiel kom in die middel, ***10mm*** van die onderkant van die getroue diens kenteken af. Die tweede graadwiel kom langs die eerste, ***10mm*** na die knopekant van die baadjie af. Die derde graadwiel kom langs die eerste, ***10mm*** na die synaatkant van die baadjie af. Die vierde, vyfde en sesde graadwiele kom onderskeidelik ***10mm*** onder die eerste, tweede en derde graadwiele. Na verwerwing in gr 7 word die **dagbreekgraadwiel in die posisie van die 7de graadwiel** gedra.

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Penkoppe en Drawwertjies

Regterkant **Linkerkant**



Januarie 2008